



## THATCHERS ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA DEKKERSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Nuusbrief 1/2020

# 2020

### NUUSBRIEF

Geagte lid

Die Dekkersvereniging betreë hierdie jaar sy veertiende bestaansjaar wat net bereik kon word as gevolg van ons lede se getroue ondersteuning en waardevolle bydrae wat hul nog steeds lewer om ons vereniging en Bedryf te bevorder en uit te bou. Ons het groot waardering daarvoor en ook vir dié van ons lede wat alreeds hul lidmaatskap vir 2020 hernu het. Definitief speel die bewys van lidmaatskap van die DVSA 'n groot rol omdat kort kort 'n versoek daarvoor van ons lede ontvang word.

As gevolg van onder andere die moeilike finansiële klimaat neem baie kontrakteurs kort paaie en kom nie spesifikasie vereistes na nie. Wat tot gevolg het dat kliënte eers die DVSA om hulp nader wanneer teëls van die mure afval, pale bars en mure uitgeskop word na n paar jaar.

Die gebrek aan goedgekeurde planne en ingenieursertifikate is 'n groot probleem wanneer konstruksie probleme ontstaan en ook by die verkoop van 'n eiendom.

Maar dis asof verandering besig is om plaas te vind want al hoe meer voornemende kliënte nader eers die DVSA tov kwotasies as wat voorheen die geval was. Wat ook opvallend is, is dat dit veral nie-blankes is wat die DVSA nader vir kwotasies. Daar is ook definitief 'n baie groter bewustheid van die DVSA se bestaan onder Versekeringsmaatskappye. Met elke navraag wat ontvang word, word ons „Guide to Thatch Construction in South Africa“ en die „Pros & Cons in the Thatching Industry“ saamgestuur asook die voordele wat dit inhou om 'n DVSA lid te kontrakteer.

Baie navrae word ook ontvang ten opsigte van die bestaan van 'n opleidingsinstansie. Dit is beslis 'n baie groot leemte in ons Bedryf. Selfs die NHBRC het die DVSA genader ten opsigte van opleiding van hul bou-inspekteurs.

2020 sal beslis 'n uitdagende jaar wees gesien in die lig van die politieke en finansiële omstandighede in ons land. Maar wanneer ons saamstaan en saamwerk tot almal se voordeel en vooruitgang, sal ons die mas opkom.

Mag ons leuse en handelsmerk die naam en werk van elke lid versinnebeeld.



**The Mark of Excellence  
Die Merk van Uitnemendheid**

Vriendelike groete

André Friis

**NATIONALE VOORSITTER**

Dekkersvereniging van Suid-Afrika  
Privaatsak X 1015  
LYTTELTON 0140

Faks  
Selfoon  
Epos adres  
Webtuiste

086 6409 151  
083 283 8429  
[admin@sa-thatchers.co.za](mailto:admin@sa-thatchers.co.za)  
[www.sa-thatchers.co.za](http://www.sa-thatchers.co.za)